

"Hou bene, hou!"

"Het iemand iets vir krampe?"

"Ag, smeer my gou-gou sonblok."

Dis maar net ván die frases wat lede en vriende van die Heilbron Fietsryklub Saterdag oor-en-weer met mekaar gewissel het tydens die klub se jaarlikse Mini-Epic-bergfietsuitdaging.

Sowat 42 fietsryers, ses ondersteuningsvoertuie en agt voertuigbemanninge lede het om 6:00 vanaf die Monti Bello-gastehuis op Heilbron weggespring met een doel voor oë: om so veel as moontlik van die 120- óf 170 km-roetes te voltooi. Die afstande het oor grondpaaie in die omgewing na Koppies en weer terug gestrek.

"Dit uitdaging begin aanvanklik goed. Koppies lê laer as Heilbron so ons daal aanvanklik die heeltid. Maar dan is dit stywe bulte terug en die onophoudelike sinkplaatpad genoeg om die laaste gô uit jou te tap," het Annari Combrink vertel.

Die Mini-Epic is die breinkind van Altus Muller, 'n kranige fietsryer en plaaslike boer. In 2016 is die uitdaging die eerste keer aangebied en die roete het vir die eerste twee jaar teerpadlans na die oostelike buurdorpe gelei. Verlede jaar is daar weens veiligheidsredes besluit om die roete liefs oor die omgewing se grondpaaie aan te pas.

"Saterdag was baie moeilik. Die wind was ons glad nie goedgesind nie en het die heeltid tussen 25 en 40 km/h in ons gesigte geblaas. Verder het die son 'n dooierus op ons geneem. Die temperatuur was vir die grootste deel van die dag bo 37° C en om 15:00 het die kwik tot 40,5° C gestyg," het Combrink gesê. "Gelukkig was die onder-

steuningsvoertuie deeglik toegerus met water, ys, energiedrankies en lekkernye. Ware lewensredders!" het Liza Boshoff bygevoeg.

Die fietsrygeesdriftiges is met middagete op Buffeldoorn, die plaas van Phillip en Sandra de Jong, op die Waaihoekpad bederf. "Dit was 'n ware oase in die woestyn! Ons het heerlik onder die koelbome ontspan, in die swembad afgekoel en aan die hoenderslaai gesmul. Dit was moeilik om van dáár weer op die saal te klim," aldus Combrink.

Om 16:00 het die laaste fietsryers weer die dorp binne getrap. Moeg en styf en seer, maar hulle is dit almal eens dat die spitbraai en koue bier wat by die gastehuis op hul gewag het, elke harde kilometer die moeite werd was.

Die twee supersterre vir die dag was egter Dawie Herbst en Wentzel van Tonder. Dié twee langasems was die enigste braves wat kans gesien het om die langer roete, 170 km, aan te pak en te voltooi.

Jozann Germishuys is as die fietsryer van die jaar aangewys en met goeie rede. Sy is maar een van vyf klublede wat deel aan al vier Mini-Epics gehad het. Die ander vier is Albert en Colett Els, Ludwig Leeb en Theuns Serfontein.

"Die Mini-Epic is 'n jaarlikse hoogtepunt op ons fietsrykalender. Die ongelooflike kameradie tussen die fietsryers is iets wat jy nie kan beskryf nie, maar moet beleef. Volgende jaar maak ons weer só," aldus Joanita Steenkamp.



Op die foto vl: Annari Combrink, Joanita Steenkamp, Neels Claasen en Liza Boshoff.



Op die foto vl: Morné Victor, Lood Spies, Rocco Steenberg.



Jozanne Germishuys.



Op die foto vl: Dries Bester, Colett Els, Paul Bester, Ronel Theron.

FIRST 100 Applicants receive a free R50 SPUR VOUCHER

FIT state

New gym opening soon

REGISTRATION STARTS 1 FEBRUARY 2019

Gym will be open from
Monday, 4 February

Monthly membership fee of R400
 Scholars pay only R200

GYM HOURS
 4:30 – 20:30

To register you will need the following:

- Valid ID or Birth certificate
- Bank details for debit order purposes
- Proof of residential address for debit order purposes
- R150 registration fee

Take note:
 Parents must register for children younger than 18 years
 No children under 10 years permitted

For more information, contact: Jacques van Rooyen | 076 735 5463
 Wilanda van Rooyen | 073 440 2943

Get 10% OFF
 when you spend over R300
 on canvas prints

Valentine's Day
Canvas Special

Standard Canvas Prices

200x300mm (A4) - R130	400x600mm (A2) - R290
300x400mm (A3) - R190	600x800mm (A1) - R480

All prices are excluding VAT. R25 Setup. Cost for all jobs under R500 (excl.). Offer ends 13 February 2019.

Bring your photos on your USB Stick or E-mail us:
 heraldgraphics2@heilbron.co.za

058 852 3033

Heilbron Herald